Die Aambeeld

Kwartaalblad van die HTS Drostdy

Kwartaal 3 van 2017

WêRELDKAMPIOENE VAN 2017

Dogters keer terug met twee goue medaljes vanaf Wêreldkampioenskap

Op Maandag, 18 September 2017, vertrek daar een en twintig toutrekkers na die Wêreld Junior en O/23 Kampioenskappe in Southport, Engeland. Daar was elf seuns en tien dogters wat gaan deelneem het.

Die dogters wat ons land verteenwoordig het, was Anneke Rabe, Katinka Naudé, Maryka van Deventer, Corli Ramsauer, Zoë Zeeman, Anri Röscher, Tania van der Spuy, Janke Vorster, Jana Fouché en Ena-Mari Burger.

Die seuns wat ons skool verteenwoordig het, was Albert van Zyl, Hanno de Wet, Dirk van Niekerk, Wimpie Viljoen, Darren Samson, Theo Schutte, Matthys van Lill, Marco Geldenhuys, Stephaan du Preez, Jacques Liebenberg en George Everson.

Die reis het met 'n vlug via Dubai begin en die toutrekkers het die Dinsdag, 19 September, om 12h00 in Manchester geland, 23 ure later. Hulle het toe per bus na hul verblyf gery.

Die seuns het op Donderdag en Vrydag, 21 en 22 September, as Drostdy aan die ope deelgeneem. Hier kon hulle met 'n agste en vyfde plek spog. Slegs die dogters neem die Sondag, 24 September, aan die Wêreldkampioenskap se geslote kompetisie deel.

Daar is net vier spanne wat aan die geslote afdeling deelgeneem het en die meisies was gereed om van die staanspoor af als in te sit en net hul beste te gee. Die ander drie spanne wat in die geslote dogtersafdeling deelgeneem het, was Wallis, Engeland en die Chinese Taipei.

Na ure, dae en maande se bloedsweet het die meisies dit reggekry om uiteindelik hulle goue krone te dra. **Ja, hulle is die beste in die hele wêreld!!!**

Na al die toutrek het hulle kans gekry om Londen te besigtig. Hulle het op die "Hop On Hop Off" Rooi Toerbus deur die stad gery. Hulle het ook Madame Tussauds asook die Wax Museum besoek. Tussendeur het hulle ook 'n kans gekry om winkels te besoek sodat hulle bietjie van Londen met hulle gesinne kan deel.

Op Donderdag, 28 September, het ons toutrekkers teruggevlieg om betyds te wees vir die matriekafskeid. Baie dankie aan al die afrigters, fiksheidsinstrukteurs, ouers, ondersteuningspan en die skool vir al hulle ondersteuning. Mnre Nollie Stofberg, Riaan van Lill en Eric Britz was die aanvoerders en in die proses het die eersgenoemde twee ook Proteakleure verwerf. Die toutrekkers het definitief hul doel bereik om Suid-Afrika, asook die Donkies se goeie naam gestand te doen.



Drostdy blom!

Yvette van der Walt

My gunstelingblom: 'n daisy. Hoekom? Dit is 'n baie delikate blom, wat net in gunstigste toestande blom, maar tog na droë somers en koue winters, maak die skoonheid en prag op vir al die moeilike tye sonder water en genade.

Ek kan nie anders as om ons skool met hierdie prag van 'n blom te vergelyk nie. Saam as skool is ons al met baie dinge hierdie kwartaal gekonfronteer en het ons net deurgedruk en sterker aan die ander kant uitgekom. Die donderstorms en hael het ons uiteindelik sterker laat groei as ooit vantevore.

Ons sportspanne, kultuurleerders en akademici het hierdie kwartaal ver bo verwagting geblom en ons is werklik trots om te kan erken dat hierdie kwartaal 'n goeie een was.

Dankie aan al die onderwysers, afrigters en ouers wat help plant het en steeds aanhou plant aan Drostdy se blomtuin. Die Lenteseisoen van ons skool is hier en ons kan sien dat 'n blom slegs goed lyk as sy wortels gesond en diep gegrond is... gegrond is in liefde.

Lekker vakansie hou en veilig terugkeer! Kwartaal 4 wag in spanning!

Bo: Yvette - uitlegredaktrise

Onder: Micke - algemene redaktrise

NUUT AAN DIE STUUR

Micke Marx

Die jaar was sover glad nie maklik nie... maar Drostdy kry dit steeds reg om elke kwartaal te presteer.

Soos wat die winterwind sy laaste asem uitblaas oor die Worcesterse berge, so neem die jaar ook sy laaste asemteug voor die laaste kwartaal begin. Dié jaar was vir my besonders, met als wat die Donkies bereik het.

Mooi dinge is gevestig in Drostdy – die bloeisels word perskes in die lieflike Septembermaand, net soos ons skool se graad ags wat amptelik begin vorm en groei in die skool.

Die jaar het gevlieg, net soos wat ons toutrekkers gevlieg het om die-wêreldkampioene te word. Dié prestasie is tog net een van die miljoene wat die Donkies bereik.

Baie mense wonder oor die feit dat die BK vermeerder het met 8 leerders. In my eerlike opinie is dit omdat die Donkies leiding moet neem in menige veld. Daar moet ook altyd 'n veldwagter wees en dit is die onderwysers. Elke stappie wat Drostdy vorentoe neem, kon nie sonder die onderwysers geneem word nie. Dus wil ek namens die skool dankie sê vir al die onderwysers wat 'n ekstra bydrae gemaak het by die skool. Sonder julle het Drostdy nie twee voete gehad om op te staan nie.

Diamant slyp diamant soos wat elke leerder in die skool gevorm word. Ek wil dus afsluit met 'n aanhaling wat my oog gevang het: "Pressure creates diamonds. Fire refines gold."

Baie dankie aan elkeen wat hierdie kwartaal so hard gewerk het aan Die Aambeeld. Julle harde werk word waardeer i.e. Elizé Lottering, Eloff Smit, Jaco Visser, Marié Möller, Mariné Brink, Marli le Roux, Minette Visagie, Monitia Willemse, Shani Smith, Shenadine en Sheleen Bezuidenhout, Zoë Zeeman, Johané Steyn, Esli-Ray Theron, Armand van Rhyn, Nadine Fick, Christiaan du Plessis Kate-Lynne Barry en Bianka Gerstner.

ONBENULLIGE FEIT #1

40 DAYS







#40daysmynou

Donkies sê hul sê

Die opname van die volgende leerders, wat anoniem geplaas is, voel ontevrede oor sekere aspekte in die skool. Dit sê die volgende:

- Aangesien leerders elke dag met swaar rugsakke moet loop, kan die boeke vervang word met tablette.
- Hoekom sê hulle daar is koshuisaande wanneer ons nog net een keer hierdie kwartaal een gehad het.

- Ek voel dat die Frikkie se pryse uiters duur is. So duur dat koshuisleerders se sakgeld baie gou opraak. Die Frikkie se pryse kan maar daal, aangesien die koshuisleerders nie meer dorpverlof kry om vir hulle peuselhappies te gaan koop nie.
- Die dissipline in die skool is besig om agteruit te gaan en die onderwysers moet strenger optree.
- Die onderwysers kla baie oor die akademiese tyd wat gemors word, maar tog hou hulle ons besig met te veel ander goed.
- Skool moet terugkeer om 13:50 uit te kom, en nie 14:00 nie.
- Onderwysers moet asseblief daarop let om steeds konsekwent teenoor leerders op te tree, aangesien daar van leerders verwag word om dieselfde aan hulle te doen.
- Kunsleerders wat elke dag kunsskool toe moet stap, sal vervoer waardeer.
- Daar is te min badkamers in die skool vir almal om te gebruik, want elke pouse is die rye uiters lank. Verwysend na meisies se badkamers.
- Die popcorn-rye in die Frikke is té ongeorganiseerd.

Uit die redaksie

Die redaksie het gaan kyk na die bevindings van die vraelyste wat deur mnr Underhay uitgestuur is en een van die punte waaroor leerders sterk voel, is die feit dat hulle nie altyd 'n platform het waar hulle kan sê hoe hulle oor dinge voel nie. Ons het dus die inisiatief geneem en hierdie blad daaraan gewy. Die idee is nie dat almal nou kan modder gooi omdat hulle op een of ander stadium te na gekom voel nie, maar om sekere dinge, wat niemand wil sê nie, in die lig te bring. Die redaksie behou hulself die reg voor om sekere ondeurdagte stellings te sensor. Die stellings is eintlik almal *sweeping statements,* so eet die vis en spoeg maar die grate uit.



Drostdy betree E-leer-fase voetjie vir voetjie

Ons het so 'n bietjie gaan rondvra wat die leerders van E-leer dink. Hier is die reaksie:

Janine Pienaar - E- leer is positief en negatief. Die feit dat kinders reeds so baie tyd op skerms spandeer en nou nog meer, kan 'n invloed op kommunikasievaardighede hê. Wat van kinders wat nie tablette kan bekostig nie? Ons tasse gaan darem ligter wees en kinders gaan dit geniet met die tegnologie.

Michiel Basson - Ek dink Drostdy is reg hiervoor. Ons is besig om te ontwikkel so waarom nie op hierdie gebied ook nie? Ons kinders is baie opgewonde hieroor en sien uit na die toekoms.

Tania Venter - Onderwysers gaan nie altyd beheer hê oor wat die kinders doen nie. As jy jou tablet verloor, is alles daarmee heen - wat dan? Ek dink nie ons is reg vir die groot sprong van die tradisionele manier na E-leer toe nie. Kom ons toets dit eers en kyk of almal daarby kan aanpas voordat ons die hele skool verander.

Etloné Nolte - Gaan dit ons kinders help of gaan ons lui raak? Whatsapp-taal is dalk ons voorland. Skool is nie skool sonder die reuk van varsgedrukte bladsye en potloodskaafsels nie. Asseblief moenie ons penne en lyntjiesboeke wegvat nie. Dis waar my kreatiwiteit sy oorsprong kry. Tussen die lyne het ek my eerste storie uitgedink.

Mariechen Jordaan - Ons lewe in 'n tyd waar alles tegnologies begin raak - van deftige elektroniese spogmotors tot digitale prysaanwysing in die supermark. Ek glo dat ons nodig het om te verander as ons wil ontwikkel. Jy gaan toegang tot al jou vakke hê, dis makliker om op datum te bly, en die impak op die omgewing is baie minder. Dit sal ons voorberei vir die wêreld daar buite.Dit help nie ons klou vas aan ou maniere omdat ons te bang is vir ontwikkeling nie.

/ ʌlˈStɛ0VDd·ʌl?stɛdVəd

Die woord hierbo beteken eisteddfod in Wallies. (Sommige van hulle letters is net moeilik om te vind:-() Dis 'n selfstandige naamwoord wat dui op 'n fees van literatuur, musiek en enige kultuuroptredes. Hier by Drostdy is ons druk besig om onsself as kultuurbaken te vestig. Lees gerus hoe ons leerders op hierdie gebied presteer. Hier is 'n kultuurgolf op pad.

Bitterbessie Dagbreek, Bitterbessie Son

Staan opsy

Drostdy se eisteddfod-leerders kom

Bitterbessie Dagbreek, Bitterbessie Son

Sonder dat ons dit besef, is daar 'n hele klomp Donkies wat tyd in hulle besige skedule inruim om dramaklasse, kooroefeninge en orkeslesse by te woon. As jy so hard oefen...hoekom nie aan die eisteddfod deelneem nie? Drostdy kan beslis baie trots wees op ons kultuurleerders wat glad nie teleurgestel het met hulle eisteddfod-uitslae nie. Drostdy se kultuur groei werklik jaar na jaar.

Koor:
Worcester Eisteddfod: 92%

Orkes:
Worcester & Paarl Eisteddfod (individueel):
3 Cum Laude (90%+)
77 Goud (80% - 89%)
26 Silwer (70% - 79%)

Koperblaasorkes:
Worcester Eisteddfod: 90%

Voordrag:
Die volgende leerders het almal goud verwerf:
Danie Retief, Zoë Zeeman, Brenda du Toit, Migal Cronje, Chris -Mari Snyman, Jason Smit, Elizé Lottering, Ruan Beukes, SW Zeeman, Mari Brink, Anika Spies, Danielle Martin, Ane Jacobs, Laura-lynn Brandt, Shani Smit, Mia Ramsauer, Stefmari Burden en Madré Burden.
Die volgende leerders het silwer verwerf:
Ruan Beukes, Minette Visagie
Ons kultuurharte swel van trots!

Bedraad!

Die afgelope kwartaal is daar omtrent bespiegel oor die groot hoeveelheid kameras wat op die skoolgronde aangebring is. 'n Volle vyf en sewentig - give or take... Die aanvanklike reaksie was ... wat de hel? Nie eens Brandvlei - gevangenis het soveel kameras nie!

Die kameras was maar net die begin. Elektriese heinings, nuwe hekke en glo vingerafdrukke om toegang tot koshuise te kry, is in wording. LTS sekuriteit is die diensverskaffer. Wat al hierdie fieterjasies kos, is tans onbekend, maar een ding is seker - dit kon nie so aangaan nie. Mense van buite stap eenvoudig in en pleeg misdaad. Selfs op die gronde is dit soms nodig om oë te hê vir ons eie kinders.

Ons besef dat hierdie maatreëls ingestel is vir ons eie veiligheid. En ons waardeer dit, maar waar is die houthekkie wat voor die skool was? By nadere ondersoek het ons gevind dat die hekkie in die argief gehou word. Nou het die vraag ontstaan: Waar is die argief???



#'n_elektriese_heining_en_'n_Walliese_oor-sprong

Stalshuis se nuwe eetsaal

'n Pad na 'n man se hart is deur sy maag. Stalshuis se nuwe eetsaal het op 24 Julie 2017 geopen. Dit akkommodeer 140 manne met grommende mae na 'n harde dag se oefening.

Daar is twee bedieningspunte, een by Noordsig en een by Stalshuis. Dit maak die opskep in die middae baie vinniger wat die gerieflikheid skep dat die seuns nie meer so lank hoef te wag voordat hulle kan aansit nie.



Almal is ook by spesifieke tafels ingedeel. Hierdie reëling maak netheid en kontrole baie makliker.

Die tannies by die eetsaal werk baie hard om dinge vir ons makliker te maak. Drostdy se seuns sê BAIE dankie aan die tannies by die kombuis wat so hard werk om ons mae vol te hou.

Drostdy op rustige waters

Ons kry gereeld terugvoering van die publiek, ouers en ander skole oor sake rakende ons skool. Sommige is positief en sommige is negatief, nes meeste dinge in ons daaglikse roetines. Die skool het egter jaarliks 'n meningspeiling wat deur die skoolhoof, meneer Arthur Underway, gedryf word. Die beweegrede agter hierdie spesifieke aksie is om 'n interne opname te maak en dus 'n geldige afleiding te maak oor hoe die leerders in ons skool voel. Van al die peilingsbriewe wat uitgestuur is, het 98% teruggekom, en daarom kan ons juis hierdie uitslae as 'n goeie versameling van data anskou.

Daar is 92% van Drostdyers wat glo dat ons skool 'n goeie reputasie het en 87% van leerders voel hulle is gelukkige Donkies. Verder is daar 78% van ons leerders wat glo dat die skoolreëls regverdig en redelik is terwyl 43% voel dat daar oor die algemeen by die skoolreels gehou word. Daar is 84% van die leerders wat voel dat onderwysers bemoedigend is en leerders aanmoedig om hul beste te gee en hard te werk, terwyl 94% voel hulle kan goeie uitslae in Drostdy behaal. Indien leerders nie iets verstaan in die klas nie voel 85% van die leerders dat onderwysers dit aan hulle verduidelik en 61% van Drostdyers voel dat onderwysers hoflik en met respek die leerders behandel.

So daar het julle dit, Drostdy. Hierdie is hoe ons harte klop. Kom ons hou die seile so dat die wind ons kan vat, en kom ons verbeter daar waar ons nog bietjie werk nodig het. Nog 'n bietjie skuur en skraap en 'n bietjie verf hier en daar en die seile wapper suutjies in die wind terwyl ons na die horison seil.

Entrepreneursdag

Die Donkies het op 28 Julie 2017 vir die heel eerste keer hul entrepreneursvaardighede gewys. Met veertien stalletjies, 'n omset van R6800 en 'n wins van R2318, het hulle hul behoorlik van hul taak gekwyt. Die dag het gesorg vir 'n jolige atmosfeer. Die 200 pannekoeke het gevlieg terwyl kinders mekaar verdruk het om by die gryp-'n-vyfrand- speletjie uit te kom. Daar was vele ander eetgoed en speletjies te koop, asook 'n vlooimark met klomp interessanthede.

Die dag was 'n groot sukses en ek kan verseker nie wag vir volgende jaar se entrepreneursdag nie! Kry solank jou geld reg!

Wintersport prysuitdeling

Deur Monitia Willemse

Op Maandag, 27 Augustus 2017, het ons jaarlikse prysuitdeling plaasgevind. Die leerders wat merietekleure, half-en volkleure ontvang het vir wintersport asook buitemuurse aktiwiteite, het die funksie bygewoon. Mnr Oupie du Plessis het geopen met gebed en die leerders en ouers verwelkom. Die leerders is volgens hulle aktiwiteite en sportsoorte in groepe verdeel. Mnr. Callie le Roux en me. Ineke Meyer het die oorhandiging van die sertifikate gedoen. Ons is baie trots op ons leerders wat hierdie jaar weereens sulke pragtige prestasies behaal het.

#ons_begin_iets_nuut_en_verander_waar_ons_moet



ORKES

Die orkes het werklik die kwartaal met 'n "bang" afgeskop. Eers was daar die twee Eisteddfods, Worcester en Paarl Vallei.

Die orkes ontvang Cum Laude met 90% terwyl die individuele koperblasers en slagwerk tesame 3 Cum Laude, 77 goue en 26 silwer toekennings ontvang het. Na die afloop van die Eisteddfods was die jaarlikse Winterkonsert. Die jaar het hulle dinge 'n bietjie anders gedoen en die venue verskuif van die skoolsaal na die amfiteater by die Mountain Mill Mall. Die gaskunstenaars dié jaar was The Grey Duo, twee vriend inne wat nie net vioolsnare nie, maar ook hartsnare roer. Hulle het bekende treffers soos Gimme Gimme Gimme, Pirates of the Caribbean, Bohemian Rhapsody en Billy Jean gespeel. As verrassingsitem het hulle die gewilde Despacito gespeel en die gehoor het heerlik saam gesing. Die orkes het die aand afgesluit met bedankings aan mnr. Pieter Ras, die dirigent, en Juf. Stephne Krige, die musiekonderwyseres en –verwerker. Sonder hulle sou die orkes nie vandag wees waar hulle is nie.

Om vir oulaas die matrieks te groet voor die rekordeksamen begin, het hulle Donderdagaand, 24 Augustus, vertrek na die Barnyard Theatre in Willowbridge. Hulle het die openingsvertoning van Big Top Rock gaan kyk. Dit is 'n fusion van rock 'n roll en akrobate. Almal was 'n paar keer op die punt van hul stoel met wonderlike toertjies wat deur die akrobate gedoen is. Dit was sowaar 'n wonderlike manier om afskeid te neem van die matrieks. Die orkes sal nie dieselfde wees sonder julle nie.



Nie whatsapp nie!

Brenda

Ek sukkel en sluk om woorde te kry,

'n magtige woordeskat te klein om te stry,

ek voel my gedagtes en sien jou daarin,

maar woorde ontgaan my om dit te besin.

JOU glimlag hou die mag om my aan te laat gaan,

JOU trane hou die mag om my hart te laat staan,

JOU oë wat sprankel as jy so na my kyk,

Het gister se vlekke op my hart uitgebleik,

Verskoon dus die eenvoud van wat ek is,

JY is die veelvoud van wat ek mis,

JY is die een wat ek bemin,

JY en die lewe wat in jou begin!

Liewe Zanke , Laura, Hanri en Lianna

Baie dankie vir julle vriendskap. Julle helder werklik my dag elke dag op en maak alles die moeite werd. Ek waardeer julle ongelooflik baie. Elke glimlag, drukkie en traan wat ons deel is kosbaar.

Van raai, raai

Jy's simpel, maar ek bly lief vir jou Ruben van Rooyen!

OOV

Die OOV van 2017 se komitee sal onthou word vir hul entoesiasme en kreatiwiteit. Die snoepie was tydens elke tuiswedstryd pragtig versier en daar was die lekkerste eetgoed. Saam met ouers (ma's en natuurlik pa's) wat elke keer bereid was om diens te kom doen en saam te werk en gesels, was 2017 se snoepie 'n ongelooflike sukses.

Wat is nou lekkerder as 'n warm koppie koffie en 'n heerlike hotdog by 'n sportdag, die warm vuur wat brand en die kinders wat hulle sportwedstryde geniet.

Ons sê dankie aan die OOV en hul span wonderlike ouers vir hul harde werk en baie ure se reëlings , om te sorg dat elke tuiswedstryd se kosbediening so vlot verloop.

Jag-en-Vleisprys

Baie geluk aan die volgende kaartjieverkopers wat namens Drostdy die meeste kaartjies vir die Jag- en -Vleisprys verkoop het:

1ste: Helgu Janse van Rensburg (54 boekies)

2de: Le Roux Prins

3de: AJ le Roux (41 boekies)

Dankie aan al die leerders wat ook 'n bydrae gemaak het. Julle maak ons baie trots met julle ywer en entoesiasme.

Bloedskenk

Dis Sondagmiddag. Jy sit rustig en geniet 'n koppie tee op die agterstoep terwyl jy kyk na die lieflike lentebloeisels in jou tuin. Skielik lui die selfoon. Die oproep het jou lewe omgedolwe. Jou beste vriend was sopas in 'n motorongeluk. Hulle kort bloed. Jy spring in jou kar, voet in die hoek, sodat jy so vinnig as moontlik daar kan kom. En dis maar een van die redes hoekom ons bloedskenk. Die Donkies doen dit met liefde.

Op 7 Augustus het die bloedskenkstatistiek so gelyk:

Noordsig: 28

Stalshuis: 15

Drostdy: 1

Bergsig: 17

Dorp: 53

Baie dankie vir almal se bydrae en ondersteuning. Ons hoop om volgende kwartaal nog meer te bloei. #donkiesgeeom

Nee dankie, ek wil nie leer nie!

"Uuuggghhhh! Boring! Dis net heeltyd leer, leer, leer. Hoekom moet ek dit anyway weet? Ek gaan tog eendag niks hiermee maak nie!" Klink dit bekend? Is dit hoe jy nou voel?

Een van die moeilikste en slegste dinge in die lewe is om iets te doen waarvan jy nie hou. Dis so moeilik om daardie taak dan voluit en met oorgawe te verrig. Die kans dat jy sukses gaan behaal as jy iets moet doen wat vir jou moeilik of sleg is, is baie skraal.

Leer is seker die beste voorbeeld hiervan. Die grootste rede waarom leerders nie daarvan hou om te leer nie, is omdat hulle nie bewus is van hul sterkpunte, voorkeure, leerstyl en natuurlike aanleg nie. Hulle verstaan hulself nie en daarom verstaan hulle nie hoe hulle moet leer nie.

Wat jy dalk nie besef nie is dat jy elke dag onbewustelik besig is om te leer nie. Nie noodwendig net skoolwerk nie, maar alles wat om jou gebeur en met jou gebeur is jou leerskool. In die alledaagse lewe is dit dan nie vir jou moeilik om nuwe dinge te leer nie, so hoekom is dit dan moeilik om skoolwerk te leer?

Een van die redes is dat jy alledaagse goed op jou unieke manier aanleer. Jy leer dit vir jouself, op jou manier en dan voel dit asof dit vanself gebeur het. Ons almal dink nie dieselfde oor goed nie. Almal sien nie alles op dieselfde manier nie. Almal reageer anders in situasies. Almal verwerk en prosesseer inligting op hul eie unieke manier. Netso is dit met die skoolwerk wat jy moet leer.

Juffrou Su-Mari Vorster is van die begin van die jaar af, drie middae per week beskikbaar om jou te help. Sy doen 'n evaluering om jou breinvoorkeure, jou leerstyle, jou studiegewoontes en studiemetodes te bepaal. Hieruit kry jy 'n baie goeie idee hoe jy inligting wil bekom en prosesseer. Sy wys jou dan hoe om op jou unieke manier te leer. Sy wys jou hoe om jou voorkeure en aanleg op jou skoolwerk toe te pas. Sy leer jou hoe om jou skoolwerk te verwerk en jou eie te maak, sodat jy dit verstaan en dit vir jou makliker is. Sodra jy jouself beter verstaan, raak leer iets wat jy vir jouself begin doen en is dit nie iets wat iemand anders van jou verwag nie.

Put your hart, mind and soul into even your smallest acts. This is the secret of success. – Swami Sivananda

As jy graag jouself wil LEER ken, sodat jy makliker kan LEER, maak 'n afspraak met juffrou Vorster by : vorstersumari@gmail.com

As ek saans my kamerdeur toemaak...

Dit is Vrydagmiddag. Soos altyd sien ek vir Grietjie in haar deftigste, verbleikte, groen rok by die robot staan. Toe sy my tussen die drukkende middagverkeer gewaar, verkreukel haar hele gesig tot 'n breë, tandelose glimlag. Ek laai haar op en kan amper voel hoe my hart ligter raak soos ons ry.

Grietjie borrel vandag. Sy het 'n goeie dag op straat gehad – Vrydae is motoriste ekstra vrygewig. Sy kom agter ek is stil, soos dit maar dikwels die geval is. "Vir wat lyk jy nou weer so suur, hè? G'n wonder jy sit sonder kind of kraai." Sy gee 'n kekkellaggie en ek antwoord afgetrokke dat ek moeg is. Maar Grietjie is 'n wyse vrou. Haar antwoord is soos 'n vuishou in my maag wat my seer en sonder asem laat. "Jy is 'n soort moeg wat slaap nie kan gesond maak nie. Jy's moeg vir die lewe." Grietjie is nou bitter naby aan die waarheid en ek verander vining die onderwerp. Ek vra haar uit oor haar week, en sonder om te skroom trek sy weg met kleurvolle stories van motoriste. Die vrygewiges is 'sout van die aarde,' maar die suiniges word verander in antagonistiese karakters – vaal en persoonlikheidloos. "Kan nie vir 'n arme straatvrou R10 gee nie – netnou kan hulle nie volgende jaar weer 'n fênsie BMW ry nie." Ek lag droog en troos haar daaraan dat hulle met hul gewetes moet saamleef.

Grietjie sien ons is naby en sy loer in die dakspieëltjie om 'n paar verlore bont krullers uit haar hare te vis. Ons stap in en gaan sit op ons gewone plek en bestel dan die gebruiklike 'vis en chips' en 'n bottel yskoue witwyn. Grietjie was nog altyd 'n gesofistikeerde straatvrou. Ek begin haar vertel van die week se nuusgebeure, maar sy val my verontwaardig in die rede en lig my in dat sy elke dag die koerant lees wat ou Johnny op die straathoekie oorkant haar eie verkoop. Sodat sy kan "saampraat oor wat in die wêreld aangaan."

Voor ek my oë kon uitvee, is ons klaar geëet en my hart raak swaar aan die gedagte van huis toe gaan. Ek vra vir Grietjie waar ek haar moet aflaai, maar ek weet klaar wat haar antwoord gaan wees. Vrydagaande slaap sy op die stoep van die polisiekantoor, want dinge raak rof naweke op straat. Ek smeek haar vir die soveelste keer om in my gastekamer te kom slaap – meer vir my eie onthalwe as hare – maar sy bedank my aanbod ferm, soos altyd. " 'n Straatvrou in 'n huis? Nooit gesien nie!" en met 'n laaste "Koebaai, sien jou volgende week! Moenie by die huis sit vanaand nie, jy gaan nie 'n oulike man in jou kombuis ontmoet nie," spring sy uit die kar en verdwyn oor die straat.

Wanneer ek vanaand my kamerdeur toemaak, dink ek aan Grietjie en of sy gaan koud slaap vanaand. Die depressie vreet aan my, maar wanneer ek my pille sluk, weet ek Grietjie is beter vir my gemoedstoestand as al die antidepressante in die ganse wêreld. Grietjie is die rykste arm mens wat ek ken.

- Carla Brink

Drostdy-leiers klim die leer na sukses

Vanaf 8 tot 10 September het die nuwe BK en VRL-lede gaan kamp. Ons het die Vrydagmiddag na skool vertrek na Big Oak Adventures wat net buite Franschhoek geleë is. Ons nuwe leiers het dit baie geniet. Ons het ook baie geleer en het begin beplan vir die jaar wat voorlê. Dit was een groot avontuur gewees, die spanbou-aktiwiteite was groot pret. Ons sê baie dankie aan mee. Karen le Roux en Jackie le Roux wat die kamp vir ons moontlik gemaak het.

VRL - lede:

Gr. 8 vir Gr. 9

Danté Burger
Louis Drake
Miné le Roux
Bea Wolfaardt

Gr. 9 vir Gr.10

Robert-Andrew Adshade
Hugo Mostert
Mia Ramsauer
Chris-Mari Snyman

Gr. 10 vir Gr. 11

Daniel Basson
Benicio Kamfer
Heindrich van Coller
Eon Wolfaardt
Suné Conradie
Anri Röscher
Nevé Schagen

BK - lede

Kyla Avenant
Claudi Bester
Ané Brink
Marizaan Brink
Janke Burger
Duné Giliomee
Madré Jacobs
Marli le Roux
Anaïs Mason
Klara Naudé
Anneke Rabe
Corli Ramsauer
Marné Truter
Yvette van der Walt
Lisa van Deventer
Susan Viljoen

Adriaan Alberts
Shaun Albertus
Albertus Barnard
Ben-Ernst Botha
Luciano Elias
Christie Grobbelaar
Cohen Jasper
Trevor Laubscher
Carel Marais
Heinrich Naudé
André Nel
Jaco van der Westhuizen
CJ van Rensburg
Gerrit van Zyl

Bo en regs: Oom Hansen het die leiers deur allerhande aktiwiteite geleer waaroor leierskap en vertroue gaan.

LEIERSKAP
is **DIE**
eienskap
om **visie**
in
werklikheid
te
verander

★ ★ ★

Elektries



Die vak is 'n meestal praktiese vak wat 'n teoretiese agtergrond behels. As die teorie sin maak, sal die vak maklik wees. Dit behels ook baie berekeninge en vermeerder nog meer in Gr 11. Die werksgeleenthede in die mark vir 'n elektriese rigting is ook baie. Dit maak 'n hele nuwe wêreld vir jou oop.

Die inhoud behels komponente in 'n stroombaan asook hoe hulle werk en waar jy hulle kan gebruik.

In hierdie vak moet jy dus bereid wees om hard te werk en skouer aan die wiel te sit.

Siviele Konstruksie

Dit sluit in die basiese beginsels van bou en pleister.

As jy hierdie vak neem, kan jy gou kwalifiseer in 'n Siviele rigting en jy kan maklik jou eie besigheid na skool begin.

Buite die kurrikulum behels dit dinge soos die Waterraad se kompetisie en binne die vak self behels dit die kuns van opmeting.

Vir hierdie vak het jy fisiese vaardighede nodig en jy moet bereid wees om met jou hande te werk en praktiese werk te verrig.



#die_huisie_se_liggies_brand_helder

Houtwerk



"Dis een van die lekkerste vakke in die skool."

Die hoogtepunt van houtwerk is volgens mnr. Callie le Roux die praktiese deel. Houtwerk behandel die hele siviele bedryf. Dit behels die grawe van fondasies, die bou van strukture, tot die opsit van dakke. Dit behels die bou van vloere, dakke, vensters en deure.

Houtwerk leer jou handvaardighede asook lewensvaardighede en ook baie van menswees. As jy bereid is om hard te werk, sal jy goed doen in hierdie vak.

Mnr. Callie se eie woorde: "Dis 'n great vak!''



Meganies



Dis 'n baie lekker, maar moeilike vak.

Die oorspronklike vak is gewysig en word in drie afdelings verdeel:

Motorwerk
Pas-en-draaiwerk
Sweis-en-metaalwerk (nie deur Drostdy aangebied)

Motor het te doen met motors "van buffer voor tot die buffer agter en als tussenin''.

Pas-en-draai is meer industrie-gedrewe. Dit gaan oor bewerking van metaal en die maak en produseer van metaalprodukte.

Enige iemand wat belangstel in motors en metaalwerk kan hierdie vak neem. Dis 'n baie moeilike vak, daarom beveel mnr. Grobler iemand aan wat bereid is om hard te werk.

Gasvryheid

Volgens me. Leonora van Tonder is die feit dat sy vir die kinders iets nuuts kan leer die lekkerste deel van die vak, al leer hulle net hoe om 'n eier te maak en hoe om 'n bietjie tyd te bestuur.

Dié vak behels nie net kosmaak en lekker eet nie, maar ook leer van die verskillende tipes groente, vleis, wyn, ensovoorts. Die leerders leer ook verskillende tegnieke van kosmaak en die gebruike van sekere kulinêre gereedskap.

Hierdie vak is volgens me. Van Tonder 'n baie lekker vak waar die leerders baie kan leer. As jy dus in die hotelindustrie wil ingaan of as jy eendag 'n kok wil word, sal hierdie vak jou beslis bevoordeel. Dié vak sal vir vrouens 'n voordeel bied wat moet kos maak vir hul gesinne, maar mans is ook welkom om hierdie vak te neem.

Juffrou van Tonder beveel dus hierdie vak aan, maar sê ook dat hierdie vak nie baie maklik sal wees nie en dat jy bereid moet wees om hard te werk.





Sterre in die oë

As jy nóg nie die Oscar fliek, La La Land, gekyk het nie, was hierdie jou geleentheid om dit te beleef! Dit was die tema vir 2017 se Winterbal en elke paartjie het soos supersterre gevoel toe hulle, soos Emma Stone en Ryan Gosling, die rooi tapyt kon betree.

Die Bestuurskomitee het die skoolsaal omskep in 'n Hollywood-droom en die graad 10's, 11's en matrieks kon 2017 se Winterbal onthou as een van die bestes. "Raak Stil en Tokkie" het die gaste vermaak met Shamim, Albert, Ulrich en Reghard (Tokkie) as musiekfabriek. Die gaste kon nie ophou praat oor die kos nie: "Ek dink nie my ma maak eers schnitzel só liplekker nie!"- was een van die gaste se opmerkings.



#gasvryheid_sorg_vir_smaaklike_etes_terwyl_die_dansbaan_wemel_van_vreugde

SOSIALE MEDIA 101

Drostdy se sosiale media het die afgelope kwartaal 'n hele paar mylpale bereik:
Ons Facebook blad, Beleef HTS Drostdy, het 5200 likes verbygesteek, ons Instagramblad, @hts_drostdy, het tot meer as 2000 followers gegroei en ons Twitterblad, @HTS_Drostdy, staan op meer as 1200 followers. Vir baie van ons klink dit dalk na kleinighede, maar danksy ons Facebookblad en sy getroue volgelinge is die video van ons Ontbytsake insetsel reeds 19 000 keer gekyk, 547 keer gedeel en die post is deur 51 694 mense gesien – dus is dit 'n ongelooflike bemarkingshulpmiddel. Ons het gevoel dat ons graag die sosiale media en die manier hoe ons dit bestuur aan almal wil verduidelik.

Vind ons op Facebook: Beleef HTS Drostdy

Facebook

Facebook is die platform wat ons gebruik om besondere prestasies, video's, interessante gebeure en belangrike nuus met mense te deel. Aangesien ons dit as 'n belangrike bemarkingshulpmiddel sien, behou ons die reg voor om enige ongewensde kommentaar te verwyder – ons sal in verbinding tree met persone wie se kommentaar ons verwyder. Ons moedig almal aan om klagtes en griewe deur die regte kanaal te hanteer en die skool te kontak en in gesprek te tree met die regte mense eerder as om dit op die sosiale media platform te doen.

Instagram

Volg ons op Instagram: hts_drostdy

Die Instagramblad is iets wat in die jonger generasie se smaak val - die inligting is baie maal dieselfde as op Facebook, maar ons plaas daar ook foto's wat die kinders self neem sodat ons die essensie van dit wat ons leerders ervaar, kan vasvang. Ons moedig alle Instagram followers aan om die skool se blad te tag wanneer hulle op hul eie profiele skoolverwante foto's oplaai.

Volg ons op Twitter: @HTS_Drostdy

Twitter

Ons Twitterblad word ook vir uitsonderlike prestasies gebruik, maar die hoof doel van die blad is om sportuitslae bekend te maak soos wat dit gebeur. Natuurlik is dit nie altyd moontlik nie om al die sporte se telliings regstreeks te plaas nie en ons is onderhewig daaraan dat die afrigters die tellings so spoedig moontlik instuur. Omdat rugby 'n sport is wat 'n baie definitiewe basis op Twitter het, probeer ons sover moontlik om die rugbytellings baie vinnig te plaas - die rugby blogs en ranglyste kry ook meestal hulle tellings op Twitter.

'N Paar terme om te verstaan:

Op sosiale media platforms is daar 'n paar terme wat mens moet verstaan om dit optimaal te gebruik. Hier is 'n paar van hierdie terme met verduidelikings en wenke:

Hashtag - #: Die hashtag (hutsmerk) word gebruik om aandag te trek, te organiseer en te bevorder. Wanneer jy bv. op sosiale media iets oor Drostdy soek, kan jy een van die volgende hashtags gebruik wat ons gereeld gebruik: #trots / #donkies / #belewenis. Wanneer jy self iets skoolverwant op sosiale media plaas, kan jy daardie hashtags bysit, dan sal iemand wat dit soek by ons skool se inligting uitkom!

Share: Hierdie een is baie belangrik op Facebook - wanneer jy 'n post van die skool se blad share op jou eie blad, gaan al die mense wat met jou vriende is op Facebook dit sien. Dit maak met ander woorde die poel mense wat in ons prestasies en nuus deel baie groter en dien nodeloos om te sê as 'n goeie bemarkingshulpmiddel - so share asb ons posts soveel as moontlik!

Retweet: Om op Twitter iets te retweet is basies die Twitter-weergawe van share. Dit beteken ook dan dat almal wat jou volg daardie inligting sal sien en dat dit dus ook dan verder versprei word as net die skool se profiel. As mense beindruk is met wat hulle sien, sal dit hulle trek om die skool se profiel ook te volg, wat natuurlik niks anders as goed is nie.

Die gevare...

'n Moet-lees vir ouers met tienerkinders.

Hoewel ons sosiale media by die skool op 'n positiewe en opbouende manier gebruik en bestuur, is daar baie gevare wat in hierdie platform verskuil is. Die oorgrote meerderheid van tieners is op een of meer sosiale netwerke en dit het 'n nuwe ding laat kopuitsteek - kuberboelies. Ons kinders loop deur onder mense wat anoniem of selfs direk die lewe vir hulle baie moeilik maak op sosiale platforms en ongelukkig is dit dan ook van ons kinders wat hierdie boeliewerk doen.

Ons vra dat ouers gereeld hul tieners se sosiale netwerke sal nagaan. Tref 'n reëling met jou kind om sy profiele se wagwoorde te hê - dit is allermins 'n skending van sy/haar privaatheid - dit is bloot voorkomende optrede wat in party gevalle van lewensbelang kan wees. Gaan ook dit wat hulle self op hul sosiale media profiele laai, na. Baie maal skep dit nie 'n baie positiewe of waardegedrewe beeld van ons kinders nie. Vra hulle om te let op hul taalgebruik wanneer hulle onderskrifte bysit.

Een ding wat die kinders moet besef: sodra jy iets op die internet geplaas het (Facebook, Instagram, Whatsapp, Snapchat ens) bly dit vir ewig daar.

Drostdy Sosiale Media beleid

Wat om in gedagte te hou:

Drostdy het aan die begin van die jaar 'n amptelike sosiale media beleid aanvaar waaraan almal verbonde aan die skool, verantwoordbaar is. Ons wil graag almal se aandag op die volgende uittreksel vestig:

"Indien enige opvoeder, nie-opvoeder, leerder of ouer 'n opmerking, foto of video op enige sosialemediaplatform publiseer wat die skool se naam kan skade doen, en 'n verbintenis met die skool is bekend of word geïdentifiseer of aanvaar, sal sodanige opvoeder, nie-opvoeder of leerder onderworpe wees aan dissiplinêre en regsaksie. Regstappe kan ook gedoen word teen 'n ouer wat die skool se naam in gedrang bring."

Ons vra dus dat almal mooi sal kyk hoe hulle reageer op posts rakende die skool en dat leerders hulle sal weerhou daarvan om enigiets te deel wat nie by die waardes van Drostdy aanpas nie.

Tea cup

Die Tea Cup vind iewers in die week van die matrieks se 40 days plaas. Dit is 'n geleentheid waar die matrieks teen die graad 11-leerders netbal speel.

Het jy al ooit gehoor van twee stelle reëls? Een vir die matrieks en een vir die graad 11's. Dis duidelik dat die matrieks hulle magsposisie gebruik om vir hulself te bevoordeel in die stryd. Dit is eintlik 'n uiterse waardevolle geleentheid vir die matrieks, om na twaalf jaar van skoolgaan, hul laaste netbalbal in die hand te vang en om vir oulaas soos kinders te speel voordat hulle die groot wêreld moet betree.

Voor die wedstryd het die matrieks die graad 11's eers behoorlik opgewarm om seker te maak dat hulle nie hulself sal beseer nie- hulle speel immers teen die seniors van die skool. Elke keer as die matrieks 'n doel aangeteken het, moes die graad 11's "burpees" doen. Indien een van die graad 11's durf om aan een van die matrieks te stamp, moet die hele span as straf om die baan hardloop terwyl die matrieks mag voortgaan met die spel.

Die hele Bergsig Koshuis het die matrieks luidrugtig ondersteun. Daar was selfs rugbyspelers en sommige van die seuns-koshuisleerders wat kom ondersteun het- alhoewel dit net vir hul meisies was. #Go Andries.

Die telling van diè wedstryd was 20-12 vir die matrieks. WEL GEDAAN, JULLE.

Die Tea Cup gaan wel hand-aan-hand met die Putty Cup. Die Putty Cup behels die Baardmanne (matriekseuns wat hul baarde groei vir dié geleentheid) teen die Donsies (graad 11-seuns), wat teen mekaar rugby speel.

Ongelukkig het die Putty Cup nie die jaar plaasgevind nie. Alhoewel dit 'n groot teleurstelling was dat die Putty Cup afgestel is, sien ons baie uit na volgende jaar wanneer die nuwe Baardmanne tot die stryd gaan toetree.

#integriteit_verantwoordelikheid_en_'n_bietjie_lag_vir_jou_dag

Hokkie

Hierdie seisoen is beslis met 'n hoë noot beëindig met al die dogter-spanne wat wen teen Bridge House en die seunspanne wat geloop het oor Hoërskool Labori. Drostdy se hokkie het oor die afgelope jaar drasties verbeter en baie wedstryde is met 'n goeie spanpoging gewen.

Hier is 'n paar van ons seuns eerstespan tellings:

Drostdy vs Swellendam 6-0 ,
Drostdy vs Gim 0-3,
Drostdy vs Hugenote 2-1.

Ons eerste meisiespan is ook tans besig om te verbeter en eindig met meer wenne as die vorige jaar. Hulle wen onder andere vir Dirkie Uys 4-3 en Bridge House 2-1.

Ons is veral VREESLIK trots op ons o/16A-dogterspan wat die seisoen onoorwonne afsluit. Vir Gim het hulle 1-0 geklop (die eerste wen in die geskiedenis), Hoërskool Outeniqua is 2-1 pak gegee en hulle wen ook teen Wynberg Girls High, wie se 0/16 -span tans eerste in die Wes-Kaap is, met 'n telling van 2-1! Dit was 'n uitstekende wedstryd en ons kan waarlik trots op hierdie meisies wees. Sowaar 'n "dream team".

Die Interkoshuishokkie wat op 22 Augustus plaasgevind het, het baie opwinding verskaf en was iets om te aanskou. Van spelers wat vir die eerste keer gespeel het, tot getoeë spelers was te siene. By die dogtersafdeling het Bergsig die beker met een doel gewen en die seunsbeker is deur die Dorpspan ingepalm nadat hulle vir Stalshuis en Noordsig stof in die oë geskop het.



Fietsry

Met groot opgewondenheid en harde werk kwalifiseer ons die jaar om uiteindelik met 'n vol span van twaalf fietsryers te gaan deelneem aan die Nasionale Spur kampioenskappe in Magaliesburg vanaf 6-8 Oktober 2017. Ons is eindik 2de van die gemengde spanne na afloop van die Spur WP byeenkomste. Ons het uiteindelik vier meisies wat saam oefen en wat ons baie trots maak: Surine van Tonder, Nienke Mostert, Jean-Marie Reyneke en Yvette van der Walt.
Ons hoop werklik dat ons volgende jaar skoonskip gaan kan maak in die meisies afdeling. Drie van ons ryers vorm deel van die WP span – Johan Van Zyl, Surine van Tonder en Nienke Mostert. Nienke word ook opgeneem in die Wes-Kaap span wat die provinsie tydens die Nasionale byeenkoms gaan verteenwoordig.

Sterkte word aan die span toegewens en ons hoop elkeen maak ons trots:

Seuns:	Meisies:
Johan Van Zyl	Nienke Mostert
Botha de Wet	Jean-Marie Reynecke
Heinie Beukes	
MC Van Zyl	
Pieter du Toit	
Daniël van Tonder	
Eben Baasden	
De Wet Steyn	
Yandre Meyer	
Robert Boucher	

Stoei

Hierdie is'n sportsoort wat krag, uithouvermoë, integriteit en harde werk verg. Hier by Drostdy beskik ons duidelik oor al hierdie eienskappe en vele meer, met uitmuntende prestasies wat as bewys van hierdie stelling dien.

Vandag het ons drie SA-kampioene in ons midde naamlik:

Xander Coetzee (vier keer)

Jacques Ludik (drie keer)

Reighard Smith (een keer)

Na afloop van die SA-kampioenskap in Junie, waar ons vier goue , drie silwer en sewe brons medaljes verwerf het, is ons afrigter mnr Kurt Hertzog en drie van sy beste stoeiers, Hanco Strydom, Xander Coetzee en Wessel Kruger na Oregon in die VSA genooi.

Ons wens hierdie stoeiers baie sterkte toe en vertrou dat hulle baie goed sal vaar daar in die land van Donald Trump. Julle sal definitief die vrugte van julle harde werk pluk.

#sport_sport_en_dieper_delf_in_die_sandput

SKAAKMAT!



Ongeveer 60 kinders speel skaak tydens pouses. Woensdae is oefening en Dinsdae en Donderdae word wedstryde gespeel.

Drostdy neem deel aan Noord-Boland en Boland, waar leerders 20 wedstryde elk speel. Daar is elf wedstryde in die liga gespeel waarvan Drostdy nege wen. Die eerstespan het 55 wedstryde gespeel. Op Dinsdag 1 Augustus speel hulle teen Esselen Park en wen 4 – 2. Op Donderdag 3 Augustus wen hulle 4 – 2 teen HS Goudini. Hulle speel ook op Donderdag 10 Augustus gelykop teen De Villiers Graaff. Op Saterdag 12 Augustus neem Drostdy vir die eerste keer aan Winelands Top Schools deel. Hulle speel tien stelle en eindig algeheel derde. Op die 15de Augustus speel hulle tuis teen Hexvallei en wen 5 – 1. Op Saterdag 26 Augustus het hulle by die Western Cape Top Schools deelgeneem. Hulle het vyf wedstryde gespeel en algeheel sesde in die Wes-Kaap geëindig. Op Woensdag, 6 September, het die koshuise mekaar tydens die interkoshuis skaakkompetisie aangepak. By die seuns het Dorp met vier punte gewen. Noordsig was tweede met twee punte en Stalshuis/ Drostdy was derde. By die meisies het Dorp en Bergsig gelykop gespeel met twee punte elk.

Vele van Drostdy se skaakspelers verwerf Noord-Boland, Boland en Wes-Kaapkleure. Twee spelers naamlik Albrecht van Zyl en Allanique Mei word gekies om aan die Nasionale kompetisie deel te neem.

Skyfskiet

Dit was 'n suksesvolle jaar van skyfskiet waarna ons met trots kan terugkyk. Hope verowerde medaljes reflekteer hulle harde werk. Ons skuts het na sewe WP-kompetisies goud verower vir al hulle kompetisies, behalwe een. Dit is met trots dat ons vermeld dat twee van ons skuts in die WP-span opgeneem is, naamlik Adrian Albertus (O/21 sporter) en Flip van der Merwe (O/16 sporter). Hulle gaan aan die SA's in Newcastle deelneem. Ons wens hulle voorspoed en geluk toe met hierdie prestasie en geleentheid.

Die bydrae van oom Kallie Alberts as afrigter is van onskatbare waarde. Aan hom sê die Donkies dankie vir sy deeglike en entoesiastiese afrigting.

Michelle Hendriksz

Sandput Drostdy Drag

Die opdrag was om 'n karretjie te ontwerp wat selfaangedrewe is. Deelnemers het al weke voor die tyd met hul voorbereiding begin. Baie planne is gemaak om 'n selfaangedrewe karretjie te bou, maar baie van die planne het 'n vroeë dood gesterf.

Met 'n gebrom van enjins... of 'n geklap van rekkies... het die resies in Stalshuis se studiesaal begin. Die wenners kon een van die volgende pryse wen: *gepimpste* (mooiste of "coolste'' karretjie), vinnigste en verste afstand.

Teen die einde van die kwartaal was daar drie volledige karretjies ingeskryf.

Spanne en uitslae het soos volg gelyk:

Nadine Fick en Stean Engelbrecht -Wenners van verste afstand en coolste karretjie!

Mnr Nico Grobler - Vinnigste karretjie

Minette Visagie en Juff Oosthuizen

#presteer_is_die_beste_geweer

Drostdy se Eerstespan eis hul plek

"Ek wil dankie sê vir die hele jaar. Elke oefening wat almal saam gestaan het en saam swaar gekry het. Dankie dat julle in mekaar geglo het deur moeilike tye en vir die broederskap wat ons kon vorm."

Só bedank die kaptein van Drostdy se eerste rugbyspan, Kristein Kloppers, sy spanmaats. Drostdy se manne in rooi het nie net die jaar 15de op die Nasionale skool-rangleis geeïndig nie, maar het 'n fantastiese seisoen gehad waar hulle talle wenne beklink het. Uit 20 wedstryde wat hulle gespeel het, het hulle na 15 met die louere gestap. So fantasties het hulle presteer dat hulle, teen die einde van hul seisoen, as topskool in die Boland bekroon is. Die span het hul staal gewys om teen van die beste skole-rugbyspanne in die land, uitstekend te vaar. Ons as ondersteuners, kon van die pawiljoen af, die positiewe gees ervaar en kon beleef hoe elke spanlid vir mekaar speel. Hierdie span het 'n wenkultuur gekweek wat sekerlik jaar na jaar sal aanskuif.

Volgens Romeo, die onderkaptein (wat die leisels by Kristein as kaptein oorgevat het), het sy span al vanaf verlede jaar September, hul uitesrse beste ingesit. Deur elke bloed-en-sweet-oefening het hulle als ingesit, waarvoor hulle tydens elke wedstryd die vrugte gepluk het. Hy het ook genoem dat vanjaar se span 'n uiterse goeie voorbeeld gestel het vir die opvolgers.

Namens die hele Drostdy wil ons die eerstepan bedank vir goeie vermaak en vir die trots wat hulle vir ons skool geskep het.

Ariana Bester vlieg hoog

Op 19 September 2017 het 18-jarige Ariana Bester in Londen geland. Sy het vir die O/23 Gazelle-span getrek en het uitstekend gevaar!

Sy het vir die 500kg-afdeling getrek en behaal die volgende prestasies: 'n vierde plek in die ope en 'n sesde plek in die geslote-afdeling.

Namens die skool wil ons vir Ariana baie dankie en geluk sê vir haar harde werk en al haar insette om ons skool se naam anderkant die water te gaan uitdra.

Ariana Bester